The Cradle of Hope

(Incorporated under Section 21) 2007/030236/08
NPO number 062-511-NPO • PBO Number 930 027 742
VAT Number 4760248593

"COMPASSION WITHOUT BORDERS"

Posadres	Posbus 2648, **NOORDHEUWEL** 1756	**Kantoor**	Dekkerstraat 37 **KRUGERSDORP WES**
Tel. (Kantoor) **Faks**	+2711-660-4623 086-528-9914	**E-pos** **Webblad**	admin@thecradleofhope.org http://thecradleofhope.org

NUUSBRIEF
Julie 2010

Indien u 'n e-pos wil stuur gebruik asseblief die volgende e-pos adres:
admin@thecradleofhope.org

Liewe vriende

1) THE CRADLE – House of Restoration

Ons "HOUSE OF RESTORATION " vir minder-bevoorregte en mishandelde mammas en kinders asook jong swanger tiener meisies, het geopen op 01 Mei 2010. Ons **amptelike openings funksies** vind plaas op Vrydag 06 Augustus en Saterdag 07 Augustus 2010. Kom kuier gerus enige tyd tussen 10h00 en 12h00. Ons wil graag vir u wys wat ons hier doen. Indien u gaan kom kuier RSVP asb per SMS na 082 459 5747 of skakel ons kantore op (011) 660-4623 gedurende kantoor ure. Die huis is gelee in Krugersdorp, Gauteng, Suid-Afrika.

Ons benodig asseblief u hulp! Dit is slegs met u hulp dat ons hierdie mammas en jong meisies sal kan help, en hulle sal kan leer hoe om uiteindelik hulle self te kan help. Ons benodig nog dringend meubels vir die huis, wasmasjiene, klimapparate vir die kinders, opvoedkundige speelgoed vir die kinders ens. asook enige ander nuttige huishoudelike items om ons in staat te stel om hierdie 7 slaapkamer huis ten volle in te rig. Ons benodig ook altyd kos, klere, medisyne ens. Help ons asseblief om hierdie mammas te help sodat

hulle weer hulle menswaardigheid kan terugkry, en deur hulle trauma en verwaarlosing kan werk. Wanneer hulle "herstel" het en kans sien, en hulle menswaardigheid terug gekry het, sal hulle weer kan terugkeer na die samelewing waar hulle dan weer hulle regmatige plek sal kan inneem tesame met hulle kinders. **HELP ONS ASSEBLIEF!!**

Bank besonderhede vir "THE CRADLE – House of Restoration":
THE CRADLE OF HOPE
Eerste Nasionale Bank, Krugersdorp Tak – 250241, Rek: 6218 035 2628, Swift Kode: FIRNZAJJ
(Faks asseblief u bewys van deposito aan 086 528 9917 – Indien u 'n BELASTING SERTIFIKAAT verlang dui asb. so aan op die deposito strokie.)

2) ASSIST A CHILD

Dit gaan voor die wind met al ons projekte by die Kroningspark tentdorp (wit plakkerskamp) in Krugersdorp. Ons kleuterskooltjie en baba-stimuleringsgroepie het homself bewys en die kinders pluk die vrugte van die onderrig wat hulle kry. Die nuwe naskoolsentrum het ook al baie suksesvol begin funksioneer. Help ons asseblief om hierdie kinders en bejaardes van hierdie plakkerskamp te help. Dit word bitter koud gedurende die nag, en die kinders en die bejaardes kry die swaarste.

Bank besonderhede vir "ASSIST A CHILD":
THE CRADLE OF HOPE
Eerste Nasionale Bank, Keywest Tak – 256955, Rek: 6219 699 4498, Swift Kode: FIRNZAJJ
(Faks asseblief u bewys van deposito aan 086 528 9917 – Indien u 'n BELASTING SERTIFIKAAT verlang dui asb. so aan op die deposito strokie.)

3) POMFRET uitreik

Zac en Huibie Grobler het weereens besoek gaan afle in POMFRET gedurende Junie 2010. Hulle het vir Corlien MacDonald en haar span gehelp met verbeterings aan die kleuterskool asook om 'n draad heining rondom die skooltjie te span. Dit was bitter koud, sommige nagte soveel as -9 grade Celsius. Ons het ook 120 hand gebreide mussies saam gestuur vir die kinders van die kleuterskool. Indien u spesifiek behulpsaam wil wees met ons POMFRET uitreike kontak gerus vir Zac op 073 814 2288.

Bank besonderhede vir die "POMFRET uitreike":
THE CRADLE OF HOPE
Eerste Nasionale Bank, Keywest Tak – 256955, Rek: 6221 476 7272, Swift Kode: FIRNZAJJ
(Faks asseblief u bewys van deposito aan 086 528 9917 – Indien u 'n BELASTING SERTIFIKAAT verlang dui asb. so aan op die deposito strokie.)

Ons wil uit die diepte van ons harte al ons donateurs en vriende bedank vir julle getroue ondersteuning, en wat ons help om die lewens van minder-bevoorregte mense draagliker te maak. Ons kan net eenvoudig nie ons roeping uitleef sonder julle volgehoue ondersteuning nie. **BAIE BAIE DANKIE!**

CRADLE liefde en seeninge

Melodie
SOSIALE DIENSTE DIREKTEUR
THE CRADLE OF HOPE

Melodie : 082 459 5747
melodie@thecradleofhope.org

Jeremia 33:3
"Roep My aan, en Ek sal jou antwoord en jou bekend maak groot en ondeurgrondelike dinge wat jy nie weet nie."

Directors : Z.J. Grobler (Chairman) • A.G. van Brakel (CA) (SA) MBA • M.M. van Brakel
A. Hone